

**SONDAG: 40**

**VRAAG EN ANTWOORD: 107**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?			
Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself.	1	Matteus 7:12	Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.
		Matteus 22:39	En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
		Romeine 12:10	wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;
Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees,	2	Matteus 5:5	Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
		Matteus 5:7	Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
		Lukas 6:36	Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.
		Romeine 12:18	as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
		Galasiërs 6:1-2	Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.
		Efesiërs 4:1-3	Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.
		Kolossense 3:12	Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.
			"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."
			En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'
			Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
			Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.
			Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
			Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is."
			As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
			Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.
			Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.
			Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees.

		1 Petrus 3:8	En eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.	Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig.
alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom	3	Eksodus 23:5	As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai.	"Wanneer jy iemand wat jou haat, se donkie sien lê onder sy vrag, moet jy hom nie sonder hulp los nie; gaan help hom met sy vrag.
en selfs aan ons vyande goed doen.	4	Matteus 5:44-45	Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.	Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.
		Romeine 12:20	As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.	"As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte."